www.xtrapapers.com

Cambridge Assessment International Education

# Cambridge IGCSE™

**AFRIKAANS AS A SECOND LANGUAGE** **0548/02**

Paper 2 Listening **October/November 2020**

TRANSCRIPT **Approximately 35–45 minutes**

This document has **8** pages. Blank pages are indicated.

© UCLES 2020

www.xtrapapers.com



TRACK 1

E This is the Cambridge Assessment International Education, International General Certificate of Secondary Education in Afrikaans as a Second Language. Syllabus 0548, Paper 2 Listening, November 2020.

Instructions to candidates.
Write your centre number, candidate number and name on all the work you hand in.
Write in dark blue or black pen.
Do not use staples, paper clips, highlighters, glue or correction fluid.

There are instructions about how to answer the questions above each item on the question paper. You need not write in full sentences. Dictionaries are not permitted.

Before each recorded item is played, time is allowed for reading the instructions and studying the questions. All items are heard twice. You may take notes and write your answers at any time during the test.

The number of marks is given in brackets at the end of each question or part question.

A SIGNAL is used to introduce each item.

PAUSE 00’05’’

TRACK 2

SIGNAL

M Oefening 1

Petra Wessels, hoofbestuurder van die Dierebeskermingsvereniging het by ’n skool met die leerders kom praat. Luister na ’n opname van haar praatjie.

Beantwoord die vrae deur ’n regmerkie (✓) in die toepaslike blokkie te maak om aan te dui of die stelling **waar** of **onwaar** is.

Jy sal die praatjie twee keer hoor.

Jy het eers tyd om die vrae deur te lees.

PAUSE 01’00’’

* SIGNAL

V Twee broers, Denzil en Larry Adams van die plaas Vergenoeg naby Kuilsrivier, het verlede Saterdag kilometers geloop om hulp te kry vir hulle siek hond, Girlie, wat in daardie stadium na aan die dood was. Denzil is 13 jaar oud en Larry 9. Hulle het beurte gemaak om Girlie 15 kilometer ver in hul arms te dra.

Die hond, ’n labrador, was baie siek aan bosluiskoors en hulle kon aan geen ander plan dink as om haar na die Dierebeskermingsvereniging in Kuilsrivier te neem nie. Girlie is dadelik behandel en het ’n bloedoortapping en medikasie gekry nadat hulle Woensdagmiddag met haar daar aangekom het. Donderdagoggend het sy al sterker gelyk.

PAUSE 00’05’’

www.xtrapapers.com



Denzil en Larry se ouers werk op ’n vrugteplaas en verdien baie min geld. Hulle ma is siek en hulle huis en meubels is ’n ruk gelede in ’n swaar storm baie erg beskadig. Die gesin kry swaar en sukkel om kop bo water te hou. Larry het die staptog kaalvoet aangepak. Sy skoene was stukkend en hulle kon nog nie vir hom nuwes koop nie. Denzil het al R10 gehad, want hy het geld bymekaar gemaak om vir Larry skoene te koop. Hy het toe gedink om daardie R10 te gebruik sodat Girlie behandel kan word en nie moes ly nie.

Die Adams-gesin het soveel skenkings van die publiek ontvang dat daar genoeg goed was om aan ander mense op die plaas wat swaarkry ook daarvan te gee. Verder het die Dierebeskermingsvereniging ook ongelooflik baie boodskappe en skenkings gekry van mense wat van die seuns se hondeliefde gehoor het.

PAUSE 00’05’’

Dit gaan nou baie beter met Girlie en die seuns probeer om haar elke dag in die dierehospitaal te besoek. Denzil en Larry moedig nou hul vriende ook aan om siek diere na die Dierebeskermingsvereniging te bring. Die gemeenskap in Kuilsrivier het hulle aangewys as ambassadeurs vir die Dierebeskermingsvereniging.

Ek wil nie bekend maak wat alles al geskenk is nie, maar wat ek weet, is dat die seuns nie meer ’n bed met die res van die gesin sal hoef te deel nie. Die hele gesin moes vroeër saam op ’n driekwartbed slaap. Hulle het ook nou warm komberse en sal nie meer saans by kerslig huiswerk hoef te doen nie. Saterdagoggend is hulle geneem om inkopies te doen en het hulle die eerste keer in hul lewe ’n hamburger en tjips in ’n restaurant geëet. Larry het ook nou mooi, nuwe skoene waarmee hy sommer gou kan klaarspeel met 15 kilometer.

Wat my beïndruk het, is dat die seuns ten spyte van hul moeilike omstandighede ’n onselfsugtige plan gemaak het om hulle hondevriend te red. **

PAUSE 00’05’’

M Jy sal die praatjie nou weer ’n keer hoor.

REPEAT FROM * TO **
PAUSE 00’20’’

TRACK 3

SIGNAL

V **Oefening 2**

Christiaan het saam met sy ouers in die Wes-Kaap vakansie gehou. Hulle het onder andere die Kangogrotte besoek. Na die vakansie het hy en ’n vriendin, Nadia, oor hierdie natuurwonder gesels. Luister na hul gesprek.

Beantwoord die vrae deur die korrekte antwoord, **A**, **B**, **C** of **D** te kies en ’n regmerkie (✓) in die blokkie langs jou keuse te maak.

Jy sal die gesprek twee keer hoor.

Jy het eers tyd om die vrae deur te lees.

PAUSE 01’00

www.xtrapapers.com



* SIGNAL

M Hallo, Nadia. Ek kan nie glo ons moet al weer môre teruggaan skool toe nie. Hoe gaan dit?

V Goed, dankie, Christiaan. Ek is bly julle is terug. Hoe was die vakansie?

M Dit was regtig lekker. Behalwe die pragtige strande, het ons ook interessante besienswaardighede soos die Kangogrotte besoek. Ek het dit so geniet, want ek wou regtig meer daaroor uitvind nadat ek 'n TV-program daaroor gesien het.

V Ja, jy het mos mooi foto's daarvan gestuur. Ek wil graag meer hoor oor daardie grotte.

PAUSE 00'05''

M Die gids het ons baie vertel oor die grotte en ek het ook op die internet daaroor gelees. Hierdie grotstelsel is wêreldbekend vir die betowerende wonderwêreld daarbinne. Dis Suid-Afrika se oudste amptelike toeriste-attraksie.

V Waar presies is die Kangogrotte?

M Die grotte lê aan die voet van die Klein-Karoo se Swartberge, naby die dorp Oudshoorn.

V Nou hoe is die grotte dan gevorm?

M Die grotte is deur die loop van miljoene jare gevorm as gevolg van sure wat deur kalksteen gevreet het. Dit het 'n grotstelsel met manjifieke sale en smal tonnels geskep.

V Sjoe! Hoe groot is die grotstelsel dan nou eintlik?

M Geologiese ekspedisies het sowat 4 kilometer van tonnels gevind. Net 'n kwart van die grotte is oop vir die publiek. Die eerste Kangogids vertel dat hy 29 uur lank geloop het op soek na die einde van die grotte!

V Hoe ver het hy toe geloop?

M Hy was nie heeltemal seker nie en het gedink hy het 25 kilometer van die ingang af geloop, maar hy het nooit die einde bereik nie.

V Regtig? Hy het darem weer teruggekom, hoop ek!

M Natuurlik! Anders sou ons sy storie nooit gehoor het nie!

V Dis waar, ja! Weet ons hoe oud die grotte is?

M Wel, die eerste kamer se rotskuns en argeologiese bewyse toon dat die grotte al 80 000 jaar gelede deur inheemse mense bewoon is. Hierdie kamer is na 'n boer, 'n sekere Jakobus van Zyl, genoem, wat dit in die negentiende eeu weer ontdek het. Mense weet egter niks verder van hom nie.

PAUSE 00'10''

V Nog nuuskierige mense het seker toe ook daar ingegaan ...

M Ja, maar van hulle het skade aangerig. Mense het byvoorbeeld stukke rots afgebreek om as aandenkings saam te neem en ook ander skade aan die wonderlike grotte veroorsaak.

© UCLES 2020 

www.xtrapapers.com



V Dis vreeslik! Het hulle iets daaraan gedoen?

M Ja, in 1820 het die Kaapse goewerneur regulasies ingestel om die grotte te beskerm. Dit was die eerste poging van die regering om ’n natuurwonder in Suid-Afrika te beskerm. Nadat hulle ’n pas deur die Swartberge gebou het en die spoorweg na Oudshoorn voltooi het, het daar meer toeriste gekom. Eers in die 20ste eeu is elektrisiteit in die grotte geïnstalleer. Laat in die 20ste eeu is nog twee sale ontdek.

V Ek is seker daar is nog geheime om te ontdek. Met soveel onbeantwoorde vrae, is dit nie verbasend dat hierdie Kangogrotte so raaiselagtig bly nie. **

PAUSE 00’05’’

M Jy sal die gesprek nou weer ’n keer hoor.

REPEAT FROM * TO **
PAUSE 00’20’’

TRACK 4

SIGNAL

V **Oefening 3**

’n Koerantverslaggewer, Sizwe Molefi, het met ’n duikinstrukteur, Patricia Grey, gesels. Patricia en ’n student is verlede week uit die see gered.

Maak kort aantekeninge oor die gesprek in Afrikaans.

Jy sal die gesprek twee keer hoor.

Jy het eers tyd om die vrae deur te lees.

PAUSE 01’00’’

* SIGNAL

M Goeiemiddag, Patricia, ek is bly jy het geen slegte gevolge oorgehou van die onaangename ondervinding ’n paar dae gelede nie. Ek wil graag hê jy moet my daarvan vertel.

V Hallo, Sizwe. Ek is baie dankbaar dat ek hier is om vandag met jou te gesels. Die gebeurtenis daardie dag het ’n goeie einde gehad en ek en my student Shafiek Rasool is perdfris en gesond.

M Julle het verlede Sondag in die see vermis geraak. Hoe het dit gebeur?

V Ek en Shafiek het tydens ’n duik-oefensessie ver weggedryf van die boot waarop ons was. Dit het gebeur nadat ons uit die water opgekom het toe ons klaar geduik het. Ons het lank in die oopsee rondgedryf voordat ons gevind is.

M Was dit net julle twee duikers op die boot?

V Ons was ’n hele groep skubaduikers wat uitgevaar het om te duik. ’n Ervare duikmeester het die groep gelei. Hy was saam met die ander skubaduikers in die see terwyl ek en Shafiek besig was om ’n diepseeduik uit te voer. Sonder dat ons dit besef het, het ons te ver van die boot

www.xtrapapers.com



af weggeswem. Die duikmeester en sy groep moes opkom omdat die sig te swak was en het teruggegaan na die boot toe. Hulle sien toe dat ek en Shafiek nie daar is nie.

PAUSE 00'10''

M Het julle gesukkel om na die oppervlak van die water te kom?

V Nee, ons het maklik sowat 100 meter van waar ons begin duik het na die oppervlak gekom, maar die mense op die boot kon ons nie sien nie, want die lig was te skerp omdat die oggendson op die water weerkaats het.

M Wat het daarna gebeur?

V Die duikmeester het die bootklub die oggend omstreeks 09:30 van die boot af laat weet dat ons twee vermis word. Daarna het die Seereddingsinstituut dadelik met 'n soektog na ons begin.

M Hoe het julle gevoel terwyl julle daar in die see rondgedryf het?

V Ek en Shafiek was nie baie bang nie omdat ons geweet het dis net 'n kwessie van tyd voordat ons gered sou word, want die regte prosedures sou gevolg word. Ons het probeer om so na as moontlik aan land te kom. Ons het ook gesorg dat ons nie van mekaar af wegdryf nie en ons het rooi merkers in die lug rondgeswaai om aandag te trek. Toe 'n swart ding 'n entjie van ons af in die water duik, het ons eers gedink 'n haai gaan ons aanval en het 'n bietjie paniekerig geraak. Toe die ding baie naby aan ons kom, het ons gesien dit was gelukkig net 'n rob!

PAUSE 00'10''

M Hoe lank was julle daar in die see?

V Ons is drie uur nadat ons as vermis aangemeld is sowat 8 km van die gebied waar ons ingeduik het, gevind. Uiteindelik was dit my suster, Lucinda, ook 'n duiker, wat ons eerste in die see raakgesien het. Die volgende dag was ek weer in die water!

M Ek kan sien hierdie voorval het jou glad nie van duik afgeskrik nie, Patricia! Jy geniet jou opwindende werk en dit is duidelik dat jou duikstudente 'n ervare instrukteur het van wie hulle baie kan leer. **

PAUSE 00'10''

M Jy sal die gesprek nou weer 'n keer hoor.

REPEAT FROM * TO **
PAUSE 00'20''

TRACK 5

SIGNAL

M **Oefening 4**

Clare is 'n graad 11-leerder wat baie daarvan hou om koek te bak. Sy wil eendag graag haar eie bakkery hê. Sy het met Phulani Keswa, eienaar van 'n bakkery en koffiewinkel, gesels. Luister na hul gesprek.

Beantwoord die vrae in Afrikaans.

www.xtrapapers.com



Jy sal die gesprek twee keer hoor.

Jy het eers tyd om die vrae deur te lees.

PAUSE 01'30''

* SIGNAL

V Môre, Phulani, ek waardeer dit werklik baie dat jy tyd het om 'n rukkie met my te gesels.

M Vandag is ek nie so besig nie, want die koffiewinkel is mos Maandae toe. Van môre af moet ons weer op ons tone wees.

V Phulani, jy is nog maar negentien jaar oud en jy spog al klaar met jou eie koffiewinkel. Hoe op aarde het jy dit reggekry?

M Ek het dit van kleins af baie geniet om my ma dop te hou wanneer sy koekbak. Dit het my gefassineer om te sien hoe sy die bestanddele afmeet en meng, rol en knie – om nie te praat van die heerlike koeke en terte wat sy gebak het nie. Dit was ook lekker om aan die deeg te proe. Toe ek elf jaar oud was, het ek besef ek wil graag bak. Ek het baie na bakvideo's op YouTube gekyk en self begin eksperimenteer met resepte.

V Wanneer het jy ernstig begin bak?

M Ek het al op veertienjarige ouderdom op bestelling begin bak – alles van kleinkoekies tot verjaardagkoeke. Die geld wat ek hiermee verdien het, het ek belê. Ek het nou al my eie klein fabriek, met twee oonde, 'n menger, yskaste en werktafels.

PAUSE 00'10''

V Was daar nooit 'n tyd in jou tienerjare dat jy belangstelling in bak verloor het en op ander dinge begin fokus het nie?

M Ek het 'n ruk lank gedink my ouer broer, Charlie, se motorfiets is interessanter as koekies bak. Ek wou toe liewer soos hy wees, maar het gou besef dis nou nie juis "my ding" nie. Ek was verveeld en het my ma weer Saterdae in die kombuis begin help wanneer sy koek bak. Ek het altyd gesê ek wil 'n bakkery hê en op veertien het ek versierde kleinkoekies begin adverteer.

V Het jy nooit probleme gehad nie? Jy was so bloedjonk.

M Ek het besig geraak Saterdae, maar nie almal was so beïndruk met my nie. Toe ek vyftien was, het ek 'n konsultasie met 'n bruid gehad. Toe sy my sien, het sy dadelik gesê sy vertrou nie iemand so jonk soos ek met haar troukoek nie. Ek was seergemaak, maar het voortgegaan om my voor te berei vir 'n loopbaan in die kosbedryf. In my laaste drie skooljare het ek as kelner in 'n restaurant gewerk en ook by 'n jogurtstalletjie. Daar het ek ondervinding van die sakesy van 'n besigheid opgedoen. Dit het my ook geleer om onder druk te werk.

PAUSE 00'10''

V Hoe het jy dit reggekry om alles te doen?

M Ek het my skoolloopbaan by 'n tuisskoolsentrum voltooi, anders sou ek nie tyd gehad het om te bak nie. My ma wou nie hê ek moet in my matriekjaar bak nie, maar ek het toe skelm in ons buitewaskamer gebak. Ek het soggens vieruur opgestaan en die baksel stilletjies in die kombuis se oond gebak.

www.xtrapapers.com



V Ek het gelees dat jy na matriek dadelik met jou besigheid begin het.

M Ja, ek het gou die idee gekry om ’n boetiek-koffiewinkel te begin. My ouers het my gehelp met die finansiering. My ma en pa help my om die winkel te bestuur en my ma werk soggens daar terwyl ek bak.

V Wat is jou ideale vir die toekoms?

M Oor vyf jaar wil ek lekkernye soos dié in my koffiewinkel oor die hele Suid-Afrika heen bedien. Ek wil ook eendag my eie kookboek op die rakke hê en my eie bakprogram op TV.

V Dankie dat jy die tyd afgestaan het om met my te kom gesels.**

PAUSE 00’10’’

M Jy sal die gesprek nou weer ’n keer hoor.

REPEAT FROM * TO **
PAUSE 00’30’’

SIGNAL

M Dit is die einde van die toets.

E This is the end of the examination.

Permission to reproduce items where third-party owned material protected by copyright is included has been sought and cleared where possible. Every reasonable effort has been made by the publisher (UCLES) to trace copyright holders, but if any items requiring clearance have unwittingly been included, the publisher will be pleased to make amends at the earliest possible opportunity.

To avoid the issue of disclosure of answer-related information to candidates, all copyright acknowledgements are reproduced online in the Cambridge Assessment International Education Copyright Acknowledgements Booklet. This is produced for each series of examinations and is freely available to download at www.cambridgeinternational.org after the live examination series.

Cambridge Assessment International Education is part of the Cambridge Assessment Group. Cambridge Assessment is the brand name of the University of Cambridge Local Examinations Syndicate (UCLES), which itself is a department of the University of Cambridge.

© UCLES 2020 